Skerphoek: 'n Hoek wat minder as 90° is.

Regte hoek: 'n Hoek van 90° .


Stomphoek: 'n Hoek wat groter as 90° is, maar minder as 180° .

Gestrekte hoek: 'n Hoek wat presies 180° is.


Inspringende hoek: 'n Hoek wat groter as 180° is.

- Meet elke hoek.** (Jy moet dalk die lyne (strale) verleng, afhangend van die grootte van jou gradeboog.)

a.




b.



c.



d.




2. Teken 'n hoek:

a. Kleiner as 90 grade.

Skat die grootte van die hoek en meet dit daarna.

3. Gebruik 'n liniaal en 'n gradeboog om 'n 60° hoek ABC te teken. Skryf die stappe wat jy volg neer.



vervolg ↗


Teken:

Datum:

R11b


Meetkundige figure vervolg

4. Gebruik 'n passer en volg die stappe om 'n lyn CD loodreg op albei kante van 'n lyn AB te trek. Benoem die lyne.




5. Benoem die sirkel.

- a. Gebruik die volgende woorde: koord, diameter, radius en middelpunt.




- b. Trek 'n sirkel met 'n middellyn van 2,3 cm.




6. Konstueer 'n gelyksydige, gelykbenige en ongelyksydige driehoek. Benoem elke driehoek.


a.



b.



c.




7. Kontrueer 'n parallelogram, reghoek, vierkant, ruit (rombus), trapeesium en vlieër. Benoem elke diagram.

a.



b.




c.



d.



e.



f.



8. Hoe weet jy of driehoeke kongruent of gelykvormig is?

a.

Kongruent:

b.

Gelykvormig:

Probleemoplossing

Die algemeenste hoek wat ons in die alledaagse lewe kry is 'n hoek van 90° . Noem ten minste vyf voorbeelde uit die alledaagse lewe van hoeke kleiner as 90° . Maak sketse om jou antwoord te wys.




Transformasies

Kyk na die transformasies en beskryf dit.

Transformasie: om iets te transformeer beteken om dit op die een of ander manier te verander.


'n Transformasie is wat die verandering veroorsaak. Daar is baie soorte meetkundige transformasies, wat wissel van translasie, rotasies, refleksies en vergrotings.

Translasie: 'n translasie is die beweging van 'n voorwerp na 'n nuwe posisie sonder dat sy vorm, grootte of oriëntasie verander.



Wanneer 'n vorm transformeer deur in 'n nuwe posisie te skuif sonder om te draai, word dit translasie genoem.

Rotasie: 'n rotasie is 'n transformasie wat punte beweeg sodat hulle dieselfde afstand van 'n vaste punt, die draaipunt, bly.




Rotasie-simmetrie


'n Figuur het rotasiesimmetrie as die vorm van die draaifiguur ooreenstem met sy oorspronklike vorm.

Simmetriële orde

Dit is die aantal kere wat 'n vorm op die oorspronklike pas in een volle rotasie.




Refleksie: 'n refleksie is 'n transformasie wat dieselfde uitwerking as 'n spieël het.



Reflektywesimmetrie

'n Voorwerp is simmetries wanneer een helfte die spieëlbeeld van die ander helfte is.



1. Beskryf elke refleksie. Die woorde hieronder sal jou dalk help.

Spieëlbeeld

Vorm


Oorspronklike vorm

Refleksielyn


Vertikaal

Horisontaal


a.



b.






c.






2. Beskryf elke rotasie. Die woorde hieronder sal jou dalk help.

Roteer	Kloksgewys	Anti-kloksgewys	Draaipunt	Grade	Horisontaal
--------	------------	-----------------	-----------	-------	-------------



3. Beskryf elke translasie. Die woorde hieronder sal jou help.

Gly	Links	Regs	Op	Af	Posisie
-----	-------	------	----	----	---------




4. Vul die antwoorde in:

2 cm



10 cm



Oranje reghoek:

a. Die lengte =

b. Die wydte =

Blou reghoek:

c. Die lengte =

d. Die wydte =

e. Die blou reghoek is die
oranje reghoek
 keer vergroot.




Probleemoplossing

Soek getransleerde (geskuifde), geroteerde en gereflektereerde patronen in die natuur en verduidelik dit in woorde.

Hoekom word hierdie prisma genoem?



Hoekom word hierdie piramides genoem?




1. Benoem die volgende. Gebruik hierdie woorde: **vlak**, **kant** en **verteks**.

a.



b.



2. Vergelyk meetkundige figure en vaste liggaam.

3. Beskryf die net van hierdie meetkundige liggaam.



a. Benoem die meetkundige liggaam.

b. Identifiseer en tel die vlakke.

c. Identifiseer en tel die vertekte en kante.

4. Voltooи die tabel:

	Vaste liggaam	Hoekpunte	Kante	Vlakke	Formule $V - E + F$
a. Driehoekige prisma		6	9	5	$6 - 9 + 5 = 2$
b. Regghoekige prisma					
c. Pentagoniese (vyfhoekige) prisma					
d. Heksagoniese (seshoekige) prisma					
e. Oktagoniese (agthoekige) prisma					
f. Driehoekige piramide					
g. Vierkantige piramide					
h. Pentagoniese (vyfhoekige) piramide					
i. Heksagoniese (seshoekige) piramide					
j. Oktagoniese (agthoekige) piramide					

Probleemoplossing

Watter meetkundige voorwerpe sien jy die meeste in die alledaagse lewe?



R14

Omstreke en oppervlakte

Hersien:Omstreke van 'n reghoek: $2l + 2b$ Oppervlakte van 'n reghoek: $l \times b$ Omstreke van 'n vierkant: $4l$ Oppervlakte van 'n vierkant: $l \times l$

Die oppervlakte van 'n driehoek is:

$$\frac{1}{2} b \times h$$

$$1 \text{ cm} = 10 \text{ mm}$$

$$1 \text{ cm} \times 1 \text{ cm} = 1 \text{ cm}^2 = 100 \text{ mm}^2 \quad (10 \text{ mm} \times 10 \text{ mm})$$

$$1 \text{ m} = 1\,000 \text{ mm}$$

$$1 \text{ m} \times 1 \text{ m} = 1 \text{ m}^2 = 1\,000\,000 \text{ mm}^2 \quad (1\,000 \text{ mm} \times 1\,000 \text{ mm})$$

$$1 \text{ km} = 1\,000 \text{ m}$$

$$1 \text{ km} \times 1 \text{ km} = 1 \text{ km}^2 = 1\,000\,000 \text{ m}^2 \quad (1\,000 \text{ m} \times 1\,000 \text{ m})$$

1. Bereken die omstreke en die oppervlakte van die volgende veelhoeke:**Voorbeeld van 'n reghoek:****Omstreke**

$$\text{Verdubbel } 4,5 \text{ cm} + \text{verdubbel } 3,2 \text{ cm}$$

$$(2 \times 4,5 \text{ cm}) + (2 \times 3,2 \text{ cm})$$

$$= 9 \text{ cm} + 6,4 \text{ cm}$$

$$= 15,4 \text{ cm}$$

Verdubbel
4,5 cm is
dieselde as
 $2 \times 4,5$

Oppervlakte

$$4,5 \text{ cm} \times 3,2 \text{ cm}$$

$$= 14 \text{ cm}^2$$


a. 2,9 cm



b. 1,5 cm



c.



Oppervlakte:

Omtrek:

Oppervlakte:

Omtrek:


Oppervlakte:

2. Teken die driehoek en bereken dan die oppervlakte.

Hoogte 3 cm
Basis 5 cm

Skets	Oppervlakte

3. Meet die driehoek en bereken die oppervlakte in mm^2 en cm^2 .



--


4. Werk die oppervlakte uit en gee jou antwoorde in m^2 , cm^2 en mm^2 .

Voorbeeld: Lengte = 2m, breedte = 1m

$$\begin{aligned} l \times b \\ = 2 \text{ m} \times 1 \text{ m} \\ = 2 \text{ m}^2 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} l \times b \\ = 200 \text{ cm} \times 100 \text{ cm} \\ = 20 000 \text{ cm}^2 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} l \times b \\ = 2 000 \text{ mm} \times 1000 \text{ mm} \\ = 2 000 000 \text{ mm}^2 \end{aligned}$$



a. In m^2	b. In cm^2	c. In mm^2
--------------------	---------------------	---------------------

5. As die oppervlakte 64 000 000 mm^2 is, wat is die lengte en breedte in cm en m?

Voorbeeld: $9 000 000 \text{ mm}^2$
 $= 3 000 \text{ mm} \times 3 000 \text{ mm}$
 $= 300 \text{ cm} \times 300 \text{ cm}$
 $= 90 000 \text{ cm}^2$
 $= 3 \text{ m} \times 3 \text{ m}$
 $= 9 \text{ m}^2$

Berekening:



Probleemoplossing

As 'n vierkant 'n omtrek van 10 m het, wat sal die oppervlakte wees? Gee jou antwoord in mm^2 en cm^2 . Sal die oppervlakte verander as jy die vierhoek na 'n reghoek met 'n omtrek van 10 m verander?

R15a

Volume en oppervlakte

Wat is die verskil tussen volume en kapasiteit?




Die volume van 'n vaste liggaam of 3D voorwerp is die hoeveelheid ruimte wat dit inneem.



Kapasiteit is die hoeveelheid vloeistof wat 'n houer kan hou.

Ons weet dat:

$$\begin{aligned}10 \text{ cm} \times 10 \text{ cm} \times 10 \text{ cm} \\= 1000 \text{ cm}^3 \\= 1000 \text{ ml} \\= 1\ell\end{aligned}$$



Hierdie houer sal 8 000 liter hou.


- Gebruik die formule om die volumes van die kubusse te bereken. Hoeveel water kan elke kubus hou?

Voorbeeld:


Die formule vir die volume van 'n kubus is l^3 .



$$\begin{aligned}2 \text{ cm} \times 2 \text{ cm} \times 2 \text{ cm} \\= 8 \text{ cm}^3 \\= 8 \text{ ml} \\= 0,008 \ell\end{aligned}$$



5 cm




4,5 cm




- Bereken die volume van hierdie houer en gee jou antwoord in m^3 , cm^3 en mm^3 . Sê ook wat die kapasiteit is wanneer dit vol water is.

Voorbeeld:



Hierdie houer sal 30 000 000 ml of 30 000 ℓ water hou.

m^3	cm^3	mm^3
$l \times b \times h$ $= 5 \text{ m} \times 2 \text{ m} \times 3 \text{ m}$ $= 30 \text{ m}^3$	$l \times b \times h$ $= 500 \text{ cm} \times 200 \text{ cm} \times 300 \text{ cm}$ $= 30 000 000 \text{ cm}^3$	$l \times b \times h$ $= 5 000 \text{ mm} \times 2 000 \text{ mm} \times 3 000 \text{ mm}$ $= 30 000 000 000 \text{ mm}^3$




--	--	--


3. Bereken die buite-oppervlakte van die volgende kubusse.

Voorbeeld:

Die buite-oppervlakte van 'n kubus is $l \times l \times$ aantal vlakke.



$$\begin{aligned}
 &= l^2 \times \text{totale vlakke} \\
 &= (4 \text{ cm})^2 \times \text{totale vlakke} \\
 &= 16 \text{ cm}^2 \times 6 \\
 &= 96 \text{ cm}^2
 \end{aligned}$$



Teken:
Datum:



vervolg ➔

xli



R15b



Volume en oppervlakte vervolg

Kwartaal 1



4. Bereken die buite-oppervlakte van die volgende reghoekige prisma's:



Probleemoplossing

As die volume van 'n kubus 112 cm^3 is, wat is sy afmeting in mm en m?

Teken:

Datum:

Kyk na die datahanteringsiklus en beskryf dit.



1. Beantwoord die vrae oor die inwin van data.

Hoeveel water drink ons by die skool?

- a. Hoe sal jy die data versamel?

- b. Wie moet ons vra?

- c. Wat sal die data ons vertel?

- d. Dink jy die data kan ons help om 'n probleem op te los?

- e. Hoekom sal die data ons help om 'n moontlike probleem op te los?

- f. Skryf vyf vrae neer wat jy in 'n vraelys kan vra om jou te help om uit te vind hoeveel water in die skool gedrink word.

Jy sal dalk ekstra papier vir sommige van hierdie vroeë nodig hê.

- g. Skryf 'n hipotese vir jou vraelys.

Jy sal dalk ekstra papier vir sommige van hierdie vroeë nodig hê.

- h. Stel 'n eenvoudige vraelys op met ja/neé antwoorde en meervoudigekeuse-antwoorde.

Jy sal dalk ekstra papier vir sommige van hierdie vroeë nodig hê.



2. Jy het data versamel deur onderhoude met kinders in jou klas te voer oor hulle gunstelingsport. Die resultate is soos volg:

Naam	Gunsteling-sport	Naam	Gunsteling-sport
Denise	Rugby	Elias	Sokker
John	Golf	Simon	Rugby
Jason	Sokker	Edward	Krieket
Mathapelo	Krieket	Susan	Sokker
Beatrix	Krieket	Philip	Golf
Opelo	Rugby	Ben	Rugby
Lisa	Sokker	Lauren	Tennis
Gugu	Golf	Tefo	Rugby
Sipho	Rugby	Alicia	Sokker
Lerato	Rugby	Masa	Tennis

- a. Skep 'n tabel wat telling en frekwensie aandui.

15	16	17	18	19	20	21	22	23	24	25	26	27	28	29	30
----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----



R16b

Data vervolg

- b. Teken 'n staafgrafiek deur jou frekwensietafel te gebruik.

- c. Interpreteer jou grafiek en skryf ten minste vyf gevolgtrekkings.

3. Gebruik die data wat versamel is in 'n opname oor die gunstelingvakke in jou klas.
Jy sal ekstra papier nodig hê om hierdie aktiwiteit te doen.


Naam	Gunstelingvak	Naam	Gunstelingvak
Denise	Wiskunde	Elias	Geskiedenis
John	Kuns	Simon	Wiskunde
Jason	Geskiedenis	Edward	Wetenskappe
Mathapelo	Wetenskappe	Susan	Geskiedenis
Beatrix	Wetenskappe	Philip	Kuns
Opelo	Wiskunde	Ben	Wiskunde
Lisa	Geskiedenis	Lauren	Taal
Gugu	Kuns	Tefo	Wiskunde
Sipho	Wiskunde	Alicia	Geskiedenis
Lorato	Wiskunde	Masa	Taal

- a. Stel 'n frekwensietafel op en gebruik tel strepies, skei die resultate vir seuns en meisies.
- b. Teken 'n dubbele staafgrafiek deur jou frekwensietafel te gebruik, vergelyk die voorkeure van die seuns en meisies.
- c. Interpreteer jou grafiek en skryf ten minste vyf gevolgtrekkings neer.
- d. Vergelyk die grafiek in 2b. met die dubbele staafgrafiek in 3b. Watter grafiek gee die meeste inligting?

Kuns
Biologie
Geskiedenis
Taal
Wiskunde
Fisiese wetenskappe

4. Skryf 'n kort verslagjie oor jou bevindinge.

5. Bestudeer die diagram (grafiek) en skryf dan 'n kort paragraaf waarin jy die data verduidelik.



6. Op die oomblik gegegenereer elke persoon in Suid-Afrika omtrent 2 kg soliede rommel per dag.

Teken 'n sirkeldiagram om die inligting te wys.

Hierdie tabel toon die verskillende kategorieë soliede rommel en die hoeveelhede in gram wat per dag gegegenereer word.

Rommelkategorie	Rommel wat per persoon per dag gegegenereer word. (in gram)
Plastiek	240
Glas	120
Papier	600
Metaal	200
Organies	600
Nie-herwinbaar	240

Probleemoplossing

Maak jou eie skets van die datahanteringsiklus. Bied dit aan die klas of 'n familielid.





Notas

A large rectangular area containing 20 horizontal light blue dashed lines for writing notes.

xlviii

0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 11 12 13 14 15



Graad

8

w i s k u n d e

DEEL


2

WERKBLAAIE

1 tot 64

AFRIKAANS
Boek

1



Telgetal, natuurlike getalle en heelgetalle

Verduidelik die verskil tussen:



Natuurlike getalle:
 {1, 2, 3, 4, ...} Nie negatiewe getalle en geen breuke nie.

Telgetalle:
 {0, 1, 2, 3, ...} Geen negatiewe getalle en geen breuke. Nul ingesluit.

Heelgetalle:
 {... -3, -2, -1, 0, 1, 2, 3, ...} Positiewe en negatiewe getalle. Sluit nul in (wat nie positief of negatief is nie). Geen breuke nie.


Die simbool vir elkeen:

N

W

Z

1. Lees die strokiesprent en bespreek dit.



2. Trek getallelyne om die volgende te verduidelik:

a. Telgetalle

b. Natuurlike getalle

c. Heelgetalle

--

Skryf dan 'n versameling vir elke groep van die syfers neer.

d. Telgetalle _____

e. Natuurlike getalle _____

f. Heelgetalle _____

3. Sê of die volgende getalle telgetalle en/of natuurlike getalle en/of heelgetalle is.

a. 15

b. -8

c. -6

d. 100

e. 200

4. Voltooi die volgende:


a. $A = \{1, 2, 3, \dots\}$ is die stel van _____ getalle.

b. $B = \{0, 1, 2, \dots\}$ is die stel van _____ getalle.

c. $C = \{\dots -3, -2, -1, 0, 1, 2, 3, \dots\}$ is die stel van _____ getalle.

d. Soms praat ons van positiewe en negatiewe heelgetalle. Skyf 'n stel van elk neer.

5. Benoem hierdie Venn-diagram deur die volgende woorde te gebruik: heelgetalle, telgetalle en natuurlike getalle.



'n Venn-diagram is 'n manier om die verhouding tussen twee of drie stelle getalle aan te dui. Die diagram bestaan uit twee of drie ovale wat oorvleuel.

6. Ken jy enige ander soort getalle? Skryf hulle neer.

Probleemoplossing

Verduidelik 'n Venn-diagram aan jou familie.





Kommunitatiewe, assosiatiewe en distributiewe eienskappe

Hersien hierdie eienskappe van getalle. Gee 'n voorbeeld van elk.

Kommunitatiewe eienskap van 'n getal:

Assosiatiewe eienskap van getalle:

Nul as die identiteit eienskap van optelling:

Distributiewe eienskap van getalle:

Een as die identiteit eienskap van vermenigvuldiging:

- Maak gebruik van die assosiatiewe eienskap om die uitdrukkings te voltooi.
Bereken die antwoord:

Voorbeeld: $(6 + 3) + 4 = 6 + (3 + 4)$
 $9 + 4 = 6 + 7$
 $13 = 13$

a. $(2 + 5) + 3 =$

b. $(4 + 6) + 2 =$

c. $(7 + 8) + 1 =$

- Maak gebruik van die assosiatiewe eienskap om die uitdrukkings gelyk te voltooi:

Voorbeeld: $(a + b) + c = a + (b + c)$
 $a + b + c = a + b + c$

a. $(m + n) + p =$

b. $(x + y) + z =$

c. $(c + d) + e =$

3. Gebruik die kommutatiewe eienskap om die uitdrukkings gelyk te maak.

Voorbeeld: $2 \times 3 = 3 \times 2$

$$6 = 6$$

a. $5 \times 10 =$

b. $4 \times 5 =$

c. $7 \times 9 =$

4. Gebruik die kommutatiewe eienskap om die uitdrukkings gelyk te maak.

Voorbeeld: $a \times b = b \times a$

$$ab = ba$$

a. $x \times c =$

b. $m \times n =$

c. $p \times q =$

5. Maak gebruik van die assosiatiewe eienskap om die uitdrukkings gelyk te bewys.

Voorbeeld: $8 + (7 + 4) = (8 + 7) + 4$

$$8 + 11 = 15 + 4$$

$$19 = 19$$

a. $3 + (6 + 7) =$

b. $12 + (4 + 9) =$

c. $5 + (3 + 11) =$



vervolg ↗

Kommutatiewe, assosiatiewe en distributiewe eienskappe vervolg

6. Gebruik die assosiatiewe eienskap om die vergelyking gelyk te bewys:

Voorbeeld: $a + (b + c) = (a + b) + c$

$$a + b + c = a + b + c$$

a. $x + (y + z) =$

b. $r + (s + t) =$

c. $d + (e + f) =$

7. Gebruik die assosiatiewe eienskap om die vergelyking gelyk te bewys:

Voorbeeld: $(2 \times 4) \times 3 = 2 \times (4 \times 3)$

$$8 \times 3 = 2 \times 12$$

$$24 = 24$$

a. $(3 \times 4) \times 3 = 3 \times (4 \times 3)$

b. $(7 \times 4) \times 2 = 7 \times (4 \times 2)$

8. Gebruik die assosiatiewe eienskap om die vergelyking gelyk te bewys:

Voorbeeld: $a \times b \times c = (a \times b)c$

$$abc = ab \times c$$

$$abc = abc$$

a. $(c \times d \times e) = c(d \times e)$

b. $x \times y \times z = x(y \times z)$

9. Gebruik die distributiewe eienskap om aan te toon dat die vergelyking waar is:

a. $3 \times (2 + 6) = (3 \times 2) + (3 \times 6)$

b. $5 \times (3 + 3) = (5 \times 3) + (5 \times 3)$

c. $3 \times (7 + 4) = (3 \times 7) + (3 \times 4)$

10. Gebruik die distributiewe eienskap om aan te toon dat die uitdrukkings waar is:

a. $m \times (n + p) = (m \times n) + (m \times p)$

b. $d \times (g + h) = (d \times g) + (d \times h)$

c. $r \times (s + t) = (r \times s) + (r \times t)$

11. Gebruik nul as die identiteit van optelling en een as die identiteit van vermenigvuldiging om somme vir die volgende te skryf:

		Nul as die identiteit van optelling	Een as die identiteit van vermenigvuldiging
	$\frac{1}{2}$	$\frac{1}{2} + 0 = \frac{1}{2}$	$\frac{1}{2} \times 1 = \frac{1}{2}$
a.	3,5		
b.	56		
c.	$\frac{1}{5}$		

Probleemoplossing

As $a \times (b + c) = (a \times b) + (a \times c)$, vervang $a = -5$, $b = -2$ en $c = -3$, in die vergelyking om te wys dat die distributiewe eienskap geld.

- Wat moet ek by 'n getal tel sodat die antwoord dieselfde as die getal is?
- Waarmee moet ek 'n getal vermenigvuldig sodat die antwoord dieselfde as die getal is?



Teken:

Datum:



Faktore, priemfaktore en faktorisering

Definisies van:



Faktor: 'n Faktor is 'n getal wat presies in 'n ander getal kan deel. Bv. 8 is 'n faktor van 32, want $8 \times 4 = 32$.



Priemfaktor:

'n Faktor van 'n getal wat self 'n priemgetal is. Bv. die faktore van 12 is 1, 2, 3, 4, 6 en 12. Slegs 2 en 3 is priemfaktore.



Priemgetal: 'n Getal wat slegs twee faktore het, 1 en homself.

1. Wat is 'n faktor? Gee 'n voorbeeld.

2. Skryf die faktore vir:

Voorbeeld: Faktore van 16 = {1, 2, 4, 8, 16}

a. Faktore van 8 = {...}

b. Faktore van 24 = {...}

c. Faktore van 21 = {...}

3. Wat is 'n priemgetal? Gee vyf voorbeelde.

4. Hersiening. Voltooi die tabel:

	Faktore	Gemene faktore	Grootste gemene deler
Voorbeeld: 4 en 8	1, 2, 4, en 1, 2, 4, 8	1, 2, 4	4
a. 6 en 12			
b. 7 en 28			
c. 9 en 36			
d. 8 en 24			
e. 3 en 21			

5. Waarvoor staan GGF?

6. Wat is die GGF vir:

Voorbeeld: Faktore van 12: {1, 2, 3, **4**, 6, 12}

Faktore van 16: {1, 2, **4**, 8, 16}

a. 15 en 45

b. 16 en 64

c. 21 en 63

d. 24 en 88

7. Bepaal die grootste gemene faktore deur faktorisering en boomfaktorisering te gebruik.



Voorbeeld: Faktore van 24 en 36

24	2	36	2
12	2	18	2
6	2	9	3
3	3	3	3
1		1	

$$\text{GGD: } 2 \times 2 \times 3 = 12$$

Kontroleer jou antwoord: $24 \div 12 = 2$
 $36 \div 12 = 3$

Boomfaktorisering



a. Faktore van 24 en 32

b. Faktore van 64 en 32

c. Faktore van 48 en 36

d. Faktore van 72 en 32

Probleemoplossing


Faktoriseer 358.

Wat is die som van die grootste gemene faktor van 100 en 150 saam met die grootste gemene faktor van 200 en 250?



Teken:

Datum:



Veelvoude en die kleinste gemene veelvoud

Kyk na die definisies. Gee vyf voorbeelde van elk.

**Veelvoud:**

'n Getal wat gevorm word deur twee syfers te vermenigvuldig. Dit kan 'n positiewe of negatiewe getal of nul wees.

**KGV**

(Kleinste gemene veelvoud): Die kleinste getal wat 'n veelvoud van twee of meer getalle is.

1. Skryf die eerste 12 veelvoude vir:

Voorbeeld: Veelvoude van 9: {9, 18, 27, 36, 45, 54, 63, 72, 81, 90, 99, 108}

a. Veelvoude van 2: {...}

b. Veelvoude van 4: {...}

c. Veelvoude van 7: {...}

d. Veelvoude van 3: {...}

2. Waarvoor staan KGV?**3. Bepaal die kleinste gemene veelvoud:**

Voorbeeld: Veelvoude van 4: {4, 8, 12, 16, **20**}
∴ KGV is 20

Veelvoude van 5: {5, 10, 15, **20**}

a. Veelvoude van 8: {...}

Veelvoude van 5: {...}

b. Veelvoude van 5: {...}

Veelvoude van 12: {...}

- c. Veelvoude van 7: {...}
- Veelvoude van 4: {...}
- d. Veelvoude van 8: {...}
- Veelvoude van 4: {...}
- e. Veelvoude van 2: {...}
- Veelvoude van 4: {...}
- f. Veelvoude van 6: {...}
- Veelvoude van 8: {...}

4. Bepaal die KGV deur die trapleer-metode te gebruik:

Voorbeeld: Veelvoude van 12 en 8

12	2	8	2
6	2	4	2
3	3	2	2
1		1	

$$\begin{aligned} & 2 \times 2 \times 2 \times 3 \\ & = 8 \times 3 \\ & = 24 \end{aligned}$$

Bepaal eers die faktore en selekter dan AL die faktore van albei faktore, maar kies net die gemene faktore een keer.

Die kleinste gemene veelvoud is 24.

- a. Veelvoude van 22 en 28 b. Veelvoude van 38 en 72 c. Veelvoude van 32 en 36

- d. Veelvoude van 74 en 48

- e. Veelvoude van 27 en 81

- f. Veelvoude van 68 en 88

Probleemoplossing

Wat is die som van die eerste 20 getalle wat veelvoude is van albei 3 en 5?




Teken:

Datum:



Grootste gemene deler en kleinste gemene veelvoud van drie-syfergetalle

Verduidelik die faktorboom en metode met 'n leer deur die voorbeeld hieronder te gebruik.



384	3
128	2
64	2
32	2
16	2
8	2
4	2
2	2
1	

Begin deur uit te werk of dit deelbaar is deur een van die priemgetalle 2, 3, 5, 7, ens.

- As die getal op 'n ewe getal eindig, is dit deelbaar deur 2.
- As die som van die syfers deelbaar is deur 3 is die getalle deelbaar deur 3.
- As die getal op 'n 0 of 5 eindig is dit deelbaar deur 5.

1. Bereken die GGD van twee getalle deur faktorisering of inspeksie te gebruik:

Voorbeeld: Faktore van 192 en 216

192	2
96	2
48	2
24	2
12	2
6	2
3	3
	1

216	2
108	2
54	2
27	3
9	3
3	3
1	


$$192 = (2 \times 2) \times (2 \times 2) \times 2 \times 2 \times 2 \times 3$$

$$216 = (2 \times 2) \times (2 \times 3) \times 3 \times 3$$

Gemene faktore is = 2, 2, 2, 3

$$\text{GGD} = 2 \times 2 \times 2 \times 3 = 24$$

Faktorbole



Ek weet 216 kan deur 3 gedeel word omdat $2 + 1 + 6 = 9$, en 9 kan deur 3 gedeel word.

a. 72 en 188

b. 205 en 315

c. 456 en 572

d. 208 en 234

e. 275 en 350

f. 204 en 252

2. Bereken die KGV deur faktorisering of inspeksie te gebruik:

Voorbeeld: 123 en 141

$$\begin{array}{r|l} 123 & 3 \\ \hline 41 & 41 \\ \hline 1 & \end{array}$$

$$\begin{array}{r|l} 141 & 3 \\ \hline 47 & 47 \\ \hline 1 & \end{array}$$

$$\mathbf{KGV = 3 \times 41 \times 47 \times 1 = 5\,781}$$

a. 128 en 256

b. 243 en 729

c. 125 en 625

d. 200 en 1 000


e. 225 en 675

f. 162 en 486

Probleemoplossing

Verduidelik aan 'n familielid hoe jy die GGF deur faktorisering bereken.





Finansies – profyt, verlies en afslag

Kan jy nog die betekenis van profyt, verlies en afslag onthou? Weet jy wat BTW beteken?



Profyt is die surplus wat oorbly nadat die totale onkoste van die totale inkomste afggetrek is.

Verlies is die oorskot van uitgawes bo inkomste.

Afslag is die bedrag wat van die vraprys afggetrek word voor betaling.



In Suid-Afrika is die huidige BTW-koers 14%. Party noedsaaklike kosoorte is daarvan vrygestel – dit beteken dat hulle 'n 0% BTW-koers het.

1. Pieter koop 10 appels teen R2,50 elk. Hy verkoop elke appel vir R4,00. Hoeveel profyt maak hy as hy 50% van sy appels teen volprys verkoop en die res teen 25% afslag?

2. Mandla gaan vir een jaar universiteit toe. Die klasgeld en koshuisgeld beloop R45 000. Die universiteit bied hom 22% afslag aan gebaseer op sy goeie skooluitslae. Hoeveel betaal hy vir die jaar?



Interessante feite: Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) is in die 1970's as verbruiksbelasting deur die Europese Ekonomiese Gemeenskap (nou die Europese Unie) ingestel. Dit is belasting op die koopprys wat op elke stadium van die produksie- en verspreidingsketting van ru-materiaal tot finale verkope gehef word. Vir die finale koper, is dit belasting op die volle koopprys. Vir die verkoper, is dit belasting net op die "toegevoegde waarde" van die verkoper op die produk, materiaal of diens (die verkopers eis die BTW terug wat hulle vir die produk betaal het). Die meeste van die onkoste om die belasting in te samel word deur besighede gedra en nie die staat nie. Belasting op Toegevoegde Waarde is ingestel deels omdat dit die verkopers 'n direkte finansiële aandeel gee in die inwin van belasting.

3. Ann koop 'n rekenaarspeletjie vir R650 BTW uitgesluit. Hoeveel BTW sal sy betaal? Hoeveel sal sy altesaam betaal?

4. Lebo koop skoon herbruikbare CD's in grootmaat. Hy herverpak hulle en verkoop hulle een-een. Hy betaal R40 kontant (BTW ingesluit) vir 50 CD's. Hy verdien 'n 5% kontantafslag. Vir hoeveel moet hy elke CD verkoop om 40% profyt te maak?

5. Musa koop 'n nuwe radio vir R125,00 BTW uitgesluit. Hy betaal kontant en kry 5% kontantafslag. Hoeveel sal hy altesaam betaal, BTW ingesluit?

Probleemoplossing


Palesato kry R100 sakgeld per week. Sy gaan twee keer per week flik (dit kos R30,00 per flik, BTW uitgesluit). Sy drink koffie vir R5,00 en koop R25,00 lugtyd, albei met BTW ingesluit. Hoeveel sakgeld kan sy na volgende week oordra?





Finansies – begroting

Kan jy nog onthou wat 'n begroting is?
Wat is die belangrikste reël vir 'n begroting?



'n **Begroting** is die beraming van inkomste en uitgawes oor 'n spesifieke tydperk.



Begroting is nie 'n slegte woord nie.

Om te begroot is een van die beste sleutels tot die goeie hantering van jou geld. Begrotings voorkom dat jy te veel spandeer.



1. Jy verdien R300,00 sakgeld elke maand. Jy wil een keer per week gaan fliek. Die fliekkaartjie kos R30,00 en 'n koeldrank kos R8,00. Die taxi kos R10,00. Sal jy elke week kan gaan? Stel 'n begroting saam vir die maand (vier weke).

2. Jy het verlede maand die volgende uitgawes gehad: Fliek R30,00; Taxi R100,00; Roomys R9,75; Nuwe hemp R45,00; Donasies aan welsyn R50,00; Skryfbehoeftes R65,00; Herstelwerk aan jou fiets R175,00. Jy verdien R400 sakgeld per maand vir die werk wat jy in en om die huis doen. Jy het tot nou toe R372,00 gespaar. Voltooi die begroting hieronder om uit te vind of jy iets kan spaar en of jy van jou spaargeld sal moet gebruik.

	Beraamde bedrag	Werklike bedrag	Verskil
Inkomste (sakgeld)	400,00		
Uitgawes			
Taxi	75,00		
Flieks	60,00		
Lekkergoed	15,00		
Klere	100,00		
Donasies	65,00		
Spaargeld	40,00		
Skryfbehoeftes	50,00		
Beraamde totale uitgawes			
Netto inkomste			

3. Jy beplan om blomme te verkoop om ekstra sakgeld te verdien. 'n Bos blomme kos jou R65,00 by die mark. Jy moet R50 betaal vir 'n taxi mark toe en terug en jou geskenkpapier kos jou R20 vir 20 velle. Jy het net een vel per bos nodig. Gebruik die begroting hieronder om te bereken wat jou inkomste vir die maand moet wees as jy beraam dat jy 5 bosse per week kan verkoop en jy wil 25% wins maak. Jy kan slegs 10 bosse per keer in die taxi vervoer.

	Beraamde bedrag
Inkomste (verkoop van blomme)	
Uitgawes	
Blomme	
Geskenkpapier	
Taxi	
Beraamde totale uitgawes	
Netto inkomste (profyt)	

4. Voorheen het Sipho R160,00 per week van sy weeklikse sakgeld van R200,00 uitgegee. Nou is sy sakgeld verminder na R100 per week. Werk 'n nuwe begroting uit sodat hy nog dieselde goed kan doen.

Vorige uitgawes:

Flieks:	R25 ($\times 2$)
Lugtyd:	R60 ($\times 1$)
Koeldrank:	R8 ($\times 4$)
Skyfies:	R3 ($\times 6$)


Probleemoplossing

Maak 'n lys van 5 maniere waarop jy jou begroting kan rek. Deel die lys met die res van jou klas.



Onthou: Om jou begroting te rek beteken dat jy jou oorskot (surplus) moet vergroot.
Dit beteken nie net jy moet jou uitgawes verminder nie, maar ook jou inkomste vermeerder.

Teken: _____
 Datum: _____



Finansies – lenings en rente

Kan jy nog onthou wat 'n lening is? Wat is rente?




'n **Lening** is 'n bedrag geld wat 'n individu of maatskappy aan 'n individu of maatskappy uitleen met die doel om profyt te maak wanneer die geld terugbetaal word.

Rente is die bedrag wat die uitlener 'n lener vra vir die gebruik van geleende geld. Die bedrag word gewoonlik uitgedruk as 'n jaarlikse persentasie van die bedrag wat geleen is en word die rentekoers genoem.



Almal ken die ou raat dat 'n mens nooit geld moetleen of uitleen nie, maar in die moderne wêreld het lenings en krediet amper heeltemal kontantbesparings vervang as die manier waarop baie mense groot aankope finansier. Gevolglik moet jy seker maak presies hoeveel rente jy betaal.



- Soek die enkelvoudige rente wat verdien word op 'n bedrag van R1 400 teen 'n jaarlikse rentekoers van 6.5% oor 3 jaar.

- Op 1 Junie maak Sipho 'n spaarrekening oop by Postbank. Die rente beloop 4.5%. Hy deponeer R600. Tien dae later op 10 Junie deponeer hy R1 000. Vyf dae later op 15 Junie deponeer hy R500. Geen ander deposito's of ontrekings is gemaak nie. Vyftien dae later, aan die einde van die maand werk die bank die daaglikske rente uit.
 - Hoeveel enkelvoudige rente (bereken tot die laaste sent) het hy verdien?
 - Wat was die balans op die rekening aan die einde van die eerste 30 dae?

3. Suzy leen R2 400 van die bank vir 'n periode van twee jaar en ses maande teen 'n enkelvoudige rentekoers van 4.7%. Hoeveel moet sy terugbetaal aan die einde van die periode?

4. Andile het R1 300 om te belê en het R1 800 binne 12 jaar nodig. Watter jaarlikse rentekoers sal hy nodig hê om sy doel te bereik?

5. Jabu se belegging van R2 200 het R528 binne twee jaar verdien.
- Soek die enkelvoudige rente vir hierdie belegging. As sy besluit om die totale bedrag (die oorspronklike bedrag plus die rente) vir nog twee jaar teen dieselfde rentekoers te belê, bereken die volgende:
 - Watter rente sal sy verdien oor die volgende twee jaar?
 - Wat is die verskil in rente verdien oor die eerste twee jaar, in vergelyking met die rente verdien oor die tweede twee jaar.

Probleemoplossing

'n Totaal van R24 000 is belê in twee rekening. Een rekening het 8% rente verdien en die ander 9%. Die totale jaarlikse rente wat verdien is, was R2 020. Hoeveel is in elke rekening belê? Skryf twee vergelykings om jou te help om die probleem op te los.





Finansies – huurkoop

Weet jy wat huurkoop beteken?



Huurkoop is 'n sisteem waarvolgens 'n koper vir 'n bate in gereelde paaimeente betaal, terwyl hy of sy dit kan gebruik.

Gedurende die terugbetaalingsperiode, word eienaarskap van die item nie oorgeplaas aan die koper nie (dit word 'geleen'). Nadat die lening ten volle met rente terugbetaal is, word die item die koper se eiendom (die "aankope" is nou afgehandel).



Baie organisasies sluit huurkoop- of huurtransaksies om te betaal vir die gebruik van toerusting oor 'n lang periode eerder as om vooraf daarvoor te betaal.

Die terugbetaalperiode is normaalweg dieselfde as die produksielewe van die masjien. Byvoorbeeld: 'n boer koop 'n trekker en betaal dit af oor 5 jaar. Na 5 jaar moet hy gewoonlik die masjien vervang.



Huurkoop moet nie verwar word met **paaimentverkope** nie.

In Noord-Amerika en die Verenigde Koninkryk word huuraankope, paaimentverkope, maar in Suid-Afrika is paaimentverkope financiering van 'n bate wat soortgelyk is aan 'n lening. By paaimentverkope leen die koper geld van 'n instansie (soos 'n bank) en gebruik die toerusting as sekuriteit. Eienaarskap van die item word dadelik oorgedra aan die koper. By huurkoop koop die instansie die toerusting en eienaarskap behoort aan die instansie. Die koper 'huur' die toerusting van die instansie teen 'n ooreengeskome paaiment. Eienaarskap word eers aan die einde van die huurkoopooreenkoms aan die koper oorgedra.

1. Hoe om die huurkoopbetalings te bereken

- Bepaal die totale koste van die item wat jy wil koop, BTW (belasting op toegevoegde waarde) ingesluit en enige ander gelde wat betaalbaar is. Dit kan, onder andere, boekhouding, versekering en vervoerkostes insluit.
- Trek die bedrag van jou kontantbetaling (aanvanklike deposito tot die onkoste) af van die totale bedrag. Jou paaiment word bereken op die totale onkoste minus die aanvanklike betaling.
- Vra wat die rentekoers is en hoe dit bereken word. Sommige rentekoerse word teen 'n uniforme koers (enkelvoudige rente) aangebied en ander word periodiek op die uitstaande balans bereken (saamgestelde rente).
- Bereken die huurkoopbetalings gebaseer op die bedrag verskuldig, die rentekoers en die paaimentskedule. Dit kan 'n gelyke bedrag vir die loop van jou betalingskedule wees of dit kan verskillende bedrae wees.


2. James koop 'n gasbraaier vir sy restaurant op huurkoop. Die braaier kos R7 800 en hy betaal 'n deposito van R1 000. Wat sal sy paaiement wees as hy 12% per jaar enkelvoudige rente betaal en dit terugbetaal oor 'n periode van 18 maande?

3. Mandla, 'n boer, wil 'n nuwe trekker koop. Die trekker kos R160 000, BTW uitgesluit. Hy kan 'n deposito betaal van R20 000. Hy besluit om die trekker te koop op huurkoop oor 60 maande teen 'n enkelvoudige rentekoers van 10%.
- Wat sal die paaiement wees?
 - Hoeveel rente sal hy betaal?
 - Hoeveel sal hy altesaam oor 60 maande vir die trekker betaal?

Probleemoplossing

David koop 'n nuwe kar op huurkoop. Die kar kos R65 000 (BTW uitgesluit) en hy ruil sy ou kar in (wat ten volle afbetaal is)vir R7 500. Die kar se registrasie, dokumentasie en lisensie beloop R2 500. Wat sal sy paaiement wees as hy 7% per jaar enkelvoudige rente betaal oor 'n periode van 54 maande?





Finansies – wisselkoerse



In **Wisselkoers** is die huidige markprys waarvoor een geldeenheid gewissel kan word vir 'n ander.



Die **Rand** (simbool: R; kode: ZAR) is die geldeenheid van Suid-Afrika.

Die **Amerikaanse Dollar** (simbool: \$; kode: USD; ook afgekort as US\$) is die amptelike geldeenheid van die Verenigde State van Amerika.

Die **Euro** (simbool: €; kode: EUR) is die amptelike geldeenheid van die Europese sone.

Die **Pond Sterling** (simbool: £; kode: GBP), algemeen bekend as die Pond, is die amptelike geldeenheid van die Verenigde Koninkryk.

Kwotasies wat 'n land se eie geldeenheid gebruik as die pryseenheid (bv. EUR 0,735342 = USD 1,00 in die euro-sone) staan bekend as direkte kwotasies of pryskwotasië (vanuit daardie land se perspektief) en word deur die meeste lande gebruik.

Kwotasies wat 'n land se eie geldeenheid as die eenheidprys gebruik (bv. EUR 1,00 = USD 1,35991 in die euro-sone) staan bekend as indirekte kwotasies.

Gebruik die wisselkoerse in die tabel om jou te help om die woordsomme op te los. Wys jou werk in die toegelate spasie.

	ZAR (R)	USD (\$)	GBP (£)	CAD (\$)	EUR (€)	AUD (\$)
ZAR	1,00	6,76	11,06	6,89	9,88	7,17
USD	0,15	1,00	1,60	0,92	1,46	0,87
GBP	0,09	1,09	1,00	0,58	0,91	0,55
CAD	0,15	1,09	1,74	1,00	1,59	0,95
EUR	0,10	0,69	1,10	0,63	1,00	0,60
AUD	0,14	1,15	1,83	1,05	1,67	1,00

- Mbali het R100 as kelnerin verdien. Die nuwe branderglyplank wat sy wil hê kos \$12 AUD. Hoeveel geld sal sy in ZAR oorhê ná haar aankope?

2. Jack woon in Ottawa, Ontario, Kanada. Sy oom woon in Londen, Engeland. Vir sy verjaarsdag het Jack £20 van sy oom gekry. Hoeveel Kanadese dollar kan hy koop met sy verjaarsdaggeld?

(Empty answer box)

3. Olivia woon in Sydney, Australië. Haar ouma woon in Parys, Frankryk. Vir Kersfees, het sy €40 van haar ouma gekry. Hoeveel Australiese dollar kan sy koop met haar Kersfeesgeld?

(Empty answer box)


4. Mandla het \$11 USD. Die rekenaarspelletjie wat hy wil koop kos \$10 AUD. Het hy genoeg geld om die spelletjie te koop? Indien nie, hoeveel meer Amerikaanse dollars het hy nodig?

(Empty answer box)

Probleemoplossing

Jabu het €35. Sy wil jeans koop vir \$25 CAD en 'n T-hemp vir \$15 CAD. Hoeveel geld sal sy oorhê in ZAR ná haar aankope?





Getallerye met heelgetalle

Dink na oor wat jy van heelgetalle weet. Kyk na hierdie heelgetalle. Watter heelgetalle kom voor en agter elke getal?

-9	10	-1	-12
1	-7	-2	-15



Heelgetalle sluit die telgetalle in $\{1, 2, 3, \dots\}$, nul $\{0\}$, en die negatiewe van die telgetalle $\{-1, -2, -3, \dots\}$

Plaas die heelgetalle bo in stygende en dalende volgorde.

1. Voltooi hierdie getallelyne.

-
-
-
-

2. Voltooi hierdie getallelyne. Ons het vir jou die heelgetalle vir die eerste waarde en die laaste waarde van die intervalle gegee wat jy op elke getallelyn moet toon.

Dink mooi wat jou intervalle gaan wees.

- a. -5 en 1



- b. -2 en 6



- c. -10 en -3



- d. -100 en 0



3. Voltooi die volgende.

- $-8 \rightarrow -6 \rightarrow -4 \rightarrow \boxed{} \rightarrow \boxed{} \rightarrow \boxed{} \rightarrow \boxed{} \rightarrow \boxed{}$
- $-64 \rightarrow -56 \rightarrow -48 \rightarrow \boxed{} \rightarrow \boxed{} \rightarrow \boxed{} \rightarrow \boxed{} \rightarrow \boxed{}$
- $-50 \rightarrow -45 \rightarrow -42 \rightarrow \boxed{} \rightarrow -42 \rightarrow \boxed{} \rightarrow \boxed{} \rightarrow \boxed{} \rightarrow -66$

4. Identifiseer die laaste term in elke patroon. Wat is die reël?

Voorbeeld: $-8, -7, -6, -5, -4, -3, -2$. Die laaste term (-2) is die sewende term in die patroon. Die reël is vorige getal + 1.

- $-7, -6, -5, -4, -3, -2, -1, 0, 1$ de term.
- $-20, -18, -16, -14, -12, -10,$ de term.
- $-25, -16, -9, -4, -1$ de term.

5. Omkring die vyfde term in elke patroon. Wat is die reël?

- $-8, -6, -4, -2, 0, 2, 4, 6, 8$
- $-15, -12, -9, -6, -3, 0, 3, 6$
- $-80, -75, -70, -65, -60, -55, -50$

6. Bepaal die 10de term in elke patroon. Wat is die reël?

- $-10, -9, -8,$
- $-28, -26, -24,$
- $-31, -28, -25,$
- $-99, -94, -89,$
- $-82, -78, -74,$
- $-84, -77, -70,$

7. Skryf die volgende in stygende volgorde:

- $6, -4, 4, 2, -2, 0, -6$
- $-8, 0, 8, -24, 16, -16, 24$

- $-5, 5, 15, 55, 10, -15, -10, -55$
- $-100, -50, -200, -150, 0, -300$

8. Vul in $<$, $>$ of $=$:

- $4 \boxed{} -4$
- $-18 \boxed{} -8$
- $-2 \boxed{} 2$
- $-3 \boxed{} 3$
- $-10 \boxed{} 10$
- $-26 \boxed{} -62$

Probleemoplossing


Die reël vir 'n getallery is plus vyf.

Gebruik hierdie reël om 'n tientermgetallery wat positiewe en negatiewe heelgetalle insluit, te maak.



Teken:

Datum:



Berekening met veelvoudige bewerkings

HODMOA staan vir:

H =

O =

D =

M =

O =

A =

Wat let jy op?

$$\begin{aligned} (-3 - 2) \times (7 - 2) &= (-3 - 2) \times (7 - 2) \\ &= -5 \times 5 \\ &= -25 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} &= -3 - 2 \times 7 - 2 \\ &= -3 - 14 - 2 \\ &= -19 \end{aligned}$$



Watter een is korrek? Hoekom?

Probeer dit op 'n gewone sakrekenaar en dan 'n wetenskaplike sakrekenaar. Wat let jy op?



1. Bereken die volgende:

Voorbeeld: $(-7) + (5)$
 $= -7 + 5$
 $= -2$

a. $(-2) + (-3) =$

b. $(2) - (-3) =$

c. $(-6) - (8) =$

d. $(-8) + (-4) =$

e. $(4 + 2) + (8 - 3) =$

f. $(6 - 8) + (3 + 4) =$

2. Bereken die volgende:

Voorbeeld: $(-5 - 4) \times (6 - 2)$

$$= -9 \times 4$$

$$= -36$$

a. $(2 + 3) \times (4 \times 2)$

b. $(-2 + 3) \times (-4 + 2)$

c. $(2 - 3) \div (4 - 2)$

d. $(-2 - 3) \div (-4 - 1)$

e. $(5 + 6) \times (8 + 7)$

f. $(5 - 6) \times (8 - 7)$

3. Bereken die volgende:

Voorbeeld: $(-3 + 2) + (5 - 3) \times (8 - 9)$

$$= (-1) + (2) \times (-1)$$

$$= -1 + (-2)$$

$$= -1 - 2$$

$$= -3$$

a. $(-6 + 8) + (-3 - 4) \times (7 - 9) =$

b. $(-9 + 4) - (-6 + 5) \times (-3 + 2) =$

c. $(6 - 5) \times (-3 + 9) \div (3 + 3) =$

d. $(-7 + 5) \times (-2 - 7) + (-5 + 3) =$


e. $(-9 + 5) \div (-6 + 4) - (10 - 11) =$

f. Skep jou eie getallesin. Bereken die antwoord.

Probleemoplossing


As die antwoord 20 is en die berekening het drie bewerkinge, gee 'n voorbeeld van wat die berekening moontlik kan wees.





Eienskappe van getalle en heelgetalle

Wat kan jy sê oor dieselfde gekleurde simbole?



Kommutatiewe eienskap:

$$a + b = b + a$$

$$a \times b = b \times a$$

Assosiatiewe eienskap:

$$a + (b + c) = (a + b) + c$$

$$a \times (b \times c) = (a \times b) \times c$$

Distributiewe eienskap:

$$a \times (b + c) = a \times b + a \times c \text{ of}$$

$$a \times (b + c) = (a \times b) + (a \times c)$$

Wat sal gebeur as jy al die a 's negatief maak?

... al die a 's en b 's negatief maak?

... al die a 's, b 's en c 's negatief maak?

1. Kommutatiewe eienskap: gebruik die voorbeeld om jou te help om die volgende te bereken:

Voorbeeld: $8 + (-3) = (-3) + 8 = 5$

$$8 \times (-3) = (-3) \times 8 = -24$$

a. $4 + (-2) =$
=

b. $6 + (-4) =$
=

c. $10 + (-2) =$
=

d. $33 + (-14) =$
=

e. $7 \times (-6) =$
=

f. Maak jou eie som.

2. Gebruik aftrekking om optelling te kontroleer en vice versa.

Voorbeeld: $8 + (-3) = 5$ dan
 $5 - 8 = -3$ of
 $5 - (-3) = 8$

a. $6 + (-2) =$ dan

b. $8 + (-9) =$

c. $3 + (-2) =$ dan

d. $17 + (-8) =$ dan

e. $9 + (-5) =$ dan

f. Maak jou eie som.

3. Assosiatiewe eienskap: gebruik die voorbeeld om jou te help om die volgende te bereken:

Voorbeeld: $[(-6) + 4] + (-1) = (-6) + [4 + (-1)] = -3$

- a. $[(-3) + 2] + (-4) =$ _____ = _____
- b. $[(-6) + 7] + (-8) =$ _____ = _____
- c. $[(13) + (-3)] + (-2) =$ _____ = _____
- d. $[(-4) + (-10)] + 5 =$ _____ = _____
- e. $[(-12) + (-9)] + 18 =$ _____ = _____

4. Gebruik deel om maal te kontroleer en vice versa.

Voorbeeld: $5 \times (-6) = -30$ dan
 $-30 \div 5 = -6$ en
 $-30 \div (-6) = 5$

- a. $8 \times (-3) =$ _____ b. $(-7) \times (9) =$ _____ c. $5 \times (-7) =$ _____
- d. $6 \times (-8) =$ _____ e. $4 \times (-2) =$ _____

5. Voltooi die patroon.


Voorbeeld: $(+5) \times (+5) = 25$
 $(-5) \times (-5) = 25$
 $(+5) \times (-5) = -25$
 $(-5) \times (+5) = -25$

- | | | |
|-------------------------------|-------------------------------|---------------------------------|
| a. $(+2) \times (+2) =$ _____ | b. $(+1) \times (+1) =$ _____ | c. $(+12) \times (+12) =$ _____ |
| $(-2) \times (-2) =$ _____ | $(-1) \times (-1) =$ _____ | $(-12) \times (-12) =$ _____ |
| $(+2) \times (-2) =$ _____ | $(+1) \times (-1) =$ _____ | $(+12) \times (-12) =$ _____ |
| $(-2) \times (+2) =$ _____ | $(-1) \times (+1) =$ _____ | $(-12) \times (+12) =$ _____ |
| | | |
| d. $(+7) \times (+7) =$ _____ | e. $(+4) \times (+4) =$ _____ | f. $(+5) \times (+5) =$ _____ |
| $(-7) \times (-7) =$ _____ | $(-4) \times (-4) =$ _____ | $(-5) \times (-5) =$ _____ |
| $(+7) \times (-7) =$ _____ | $(+4) \times (-4) =$ _____ | $(+5) \times (-5) =$ _____ |
| $(-7) \times (+7) =$ _____ | $(-4) \times (+4) =$ _____ | $(-5) \times (+5) =$ _____ |

Probleemoplossing

As die antwoord -30 is en die berekening het drie bewerkings, wat kan die berekening moontlik wees?





Kwadraatgetalle, derdemagte en nog eksponente

Skryf jou definisie van kwadraatgetalle neer. Maak 'n skets.



Kwadraatgetalle

$2 = 2^1 = 2$
 $2 \times 2 = 2^2 = 4$
 $2 \times 2 \times 2 = 2^3 = 8$
 $2 \times 2 \times 2 \times 2 = 2^4 = 16$
 Wat sal die 10^{de} term in die patroon wees?

1. Hersiening: bereken die volgende:

Voorbeeld: 5^2

$$\begin{aligned} &= 5 \times 5 \\ &= 25 \end{aligned}$$

a. 2^2

b. 7^2

c. 4^2

d. 6^2

e. 10^2

f. 9^2

2. Hersiening: bereken die volgende:

Voorbeeld: 4^3

$$\begin{aligned} &= 4 \times 4 \times 4 \\ &= 64 \end{aligned}$$

a. 2^3

b. 1^3

c. 4^3

d. 3^3

e. 3^3

3. Hersiening: bereken die volgende met 'n sakrekenaar:

Voorbeeld: 11^3

$$\begin{aligned} &= 11 \times 11 \times 11 \\ &= 1 331 \end{aligned}$$



a. 17^3

b. 14^3

c. 16^3

d. 6^3

e. 7^3

f. 8^3

4. Skryf hierdie getalle in eksponentiële vorm:

Voorbeeld: 144

$$\begin{aligned} &= 12 \times 12 \\ &= 12^2 \end{aligned}$$

- a. 64 b. 9 c. 25
d. 100 e. 36 f. 4

5. Skryf hierdie getalle in eksponentiële vorm:

Voorbeeld: $81 = 3 \times 3 \times 3 \times 3 = 3^4$

- a. 27 b. 8 c. 125

6. Skryf die volgende in eksponentiële vorm:

Voorbeeld: $64 + 8 = 8^2 + 2^3$

$$= 2^6 + 2^3$$

- a. $125 + 25 =$ b. $64 + 125 =$ c. $1 + 9 =$
d. $1 + 81 =$ e. $25 + 36 =$

7. Skryf die volgende in eksponentiële vorm.

